



## Voorwoord

Dit is by baie mense bekend dat professor Callie Coetzee en ek mekaar in 1958 ontmoet het toe ons saam in standerd 6 in dieselfde klas in Potchefstroom Gimnasium hoërskool te lande gekom het. Sedertdien het ons paaie voortdurend gekruis, as studente, as predikante en die laaste aantal jare as kollegas by die Teologiese Skool en Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom.

Dit is daarom vir my 'n eer en voorreg om as gasredakteur op te tree vir hierdie huldigingsbundel aan hom. Hy is dit waardig dat aan hom erkenning en dank betoon word vir sy besondere werk en bydrae as teoloog en veral as dogmatikus.

Sy opvoeding as enigste seun van wyle prof. en mev. P.J. (Peet) Coetzee, wat ook professor in Dogmatiek aan hierdie inrigtings (TSP en Fakulteit Teologie) was, sowel as sy nagraadse teologiese studie, en voortdurende belangstelling en geskifte het besonderlik daartoe bygedra dat hy uitnemend goed toegerus is om as teologiese professor te dien.

Hy het in 1972 predikant geword, en agtereenvolgens gedien in die Gereformeerde Kerke van Louis Trichardt (1972-1976), Viljoenskroon/Bothaville (1976-1982) en daarna Potchefstroom (1982-2003). Hy is sedert 2003 verbonde aan die Teologiese Skool te Potchefstroom en aan die Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit.

Hy het in baie opsigte 'n betrokke en leidende rol gespeel in die kerklike lewe en kerklike aktiwiteite. Hy het op moderamens van meerdere vergaderings gedien en ook op deputaatskappe, waarvan die belangrikste sy betrokkeheid by die deputate vir ekumeniese sake (en afgevaardigde na die Gereformeerde sinode in Harare in 1988) was; by die deputate vir gesprek met binnelandse kerke en lid van die Tussenkerklike Raad; by die deputate vir die studie oor die plek en rol van die vrou in die kerklike lewe; lid van die Kuratorium; by deputate leerstellige sake; en nog andere.

In akademiese en teologiese opsig het professor Callie van jongs af 'n besondere belangstelling gehad, soos sy meesters- en doktors-

grade getuig. In 1972 het hy by die PU vir CHO die Th.M.-graad behaal met 'n verhandeling getiteld, *Die skopus van die Skrif by Calvin: 'n dogmatiese verkenning van sekere hoofstukke uit die Institusie van Calvin*. In 1981 doktoreer hy aan dieselfde universiteit met 'n proefskrif getiteld, *Die werk van die Heilige Gees in die teologiese denke van Andrew Murray*.

Hy is 'n aktiewe en vrugbare skrywer, soos vele en gereelde artikels en bydraes van hom in geakkrediteerde tydskrifte, maar ook in meer populêr-wetenskaplike tydskrifte laat blyk. Meer as vyftien artikels alleen het reeds in nasionale en internasionale geakkrediteerde tydskrifte verskyn, waarvan sommige artikels ook by nasionale en internasionale teologiese konferensies as voordragte gelewer is.

Die deurlopende strekking en benadering van sy geskifte maak dit sonder meer duidelik dat hy in die gereformeerde en besonderlik die Calvinistiese tradisie staan. Aksente wat ook telkens opval, is die besonder hoë premie wat hy op 'n suiwere Skrifbeskouing plaas, op die gereformeerde leer oor die Heilige Gees, op die belangrikheid van die eenheid van die kerk en die gesag van die gereformeerde belydenisskrifte. In sy meer populêre artikels, soos artikels wat in kerklike tydskrifte verskyn, blyk sy besondere liefde vir die Gereformeerde Kerke en sy besondere band met die Afrikanervolk en sy geskiedenis.

Die Here het hom met mooi gawes geseën en hy is bevoorreg om in sy eggenote, Susan, en in hulle drie kinders steunpilare aan sy sy te hê wat hom ondersteun en versterk. Sy leiding en bydrae in kerklike en teologiese opsig gaan nie ongesiens verby nie. Ons huldig hom graag daarvoor met 'n gedenkbundel soos hierdie.

In hierdie uitgawe van die tydskrif is daar nege artikels van erkende en gerespekteerde teoloë en ander akademici. Dit word met graagte en goeie wense aan hom in die besonder opgedra ter erkenning van sy bydrae as teoloog, en met dank vir sy werk oor baie jare – veral omdat 'n dienskneg van die Here en 'n dienaar in die kerk van die Here, soos hy, ook kan terugkyk op soveel jare van genade en seën.

**A. le R. du Plooy**  
**Gasredakteur: *In die Skriflig***



## Preface

It is well-known that the first meeting between Professor Callie Coetzee and myself took place in 1958 when we ended up in the same class as standard 6 pupils at Potchefstroom Gymnasium High School. Since that time our paths had crossed frequently as students, as ministers, and for the past few years, as colleagues at the Theological School and Faculty of Theology of the North-West University in Potchefstroom.

It is therefore an honour and a privilege to act as the guest editor of this tributary volume dedicated to him. He is worthy of the respect paid to him thus in recognition of his special contribution to theology, especially as a dogmatist.

Owing to his upbringing as the only son of the late Prof. and Mrs. P.J. (Peet) Coetzee, who was himself a professor in Dogmatics at these institutions (TSP and Faculty of Theology), as well as his own postgraduate theological study and continuous interest and writings, he was supremely well equipped to serve as a theological professor.

He started his ministry in 1972, and served successively in the Reformed Churches of Louis Trichardt (1972-1976), Viljoenskroon/Bothaville (1976-1982) and Potchefstroom (1982-2003). Since 2003 he has been a professor at the Theological School in Potchefstroom and the Faculty of Theology at the North-West University.

He has played a dedicated and leading role in the life and activities of the church. He served on the executive councils of major ecclesiastical assemblies and was involved in various deputations, the most important of which were the deputies for ecumenical affairs (and delegate to the Reformed synod in Harare in 1988); the deputies for dialogue with local South African churches, as a member of the Tussenkerklike Raad (Interchurch Council of the three Afrikaans churches), the deputies for a study on the place and role of women in the activities of the church, and the deputies of dogmatic affairs. He was also a member of the Curatorium.

From an early age, Professor Callie showed great interest in academic and theological matters, as demonstrated by his Master's and

Doctor's degrees. In 1972 he obtained the Th.M. degree at the PU for CHE with a dissertation entitled *Die skopus van die Skrif by Calvin: 'n dogmatiese verkenning van sekere hoofstukke uit die Institusie van Calvin*. In 1981 he received his doctorate at the same university with a thesis entitled *Die werk van die Heilige Gees in die teologiese denke van Andrew Murray*.

He is an active and prolific writer who has published many and regular articles and contributions in accredited journals as well as more popular scientific journals. More than fifteen articles alone have appeared in both national and international accredited journals, some of which were presented as papers at national and international theological conferences.

The tenor and approach that characterise all these writings make it clear that he is a staunch adherent of the reformed and, particularly, the Calvinist tradition. A regular emphasis in his work is the high premium he puts on an orthodox view of Scripture, the reformed doctrine on the Holy Spirit, the importance of the unity of the church, and the authority of the reformed creeds. His more popular articles, for instance those in church journals, reflect his deep love for the Reformed Churches and his special bond with the Afrikaner nation and its history.

The Lord has blessed Professor Callie with fine gifts, and he is privileged to enjoy the whole-hearted support and encouragement of his wife, Susan, and their three children. His leadership and contributions in church and theological matters do not go unnoticed, and we gladly pay homage to him with this volume.

In this edition of the journal there are nine articles of recognised and respected theologians and other academics. We dedicate it to him with good wishes in recognition of his contribution as a theologian, and with gratitude for his work over a long period. He, as a servant of God in the church of the Lord can look back over many years of grace and blessings.

**A. le R. du Plooy**  
**Guest Editor: *In die Skriflig***